

Meer as oorwinnaars

- Morgan Smit het gesterf. Ons dink aan tannie Marie Smit en die familie. Die viering van sy lewe vind plaas op Maandag 28 September 14:00.
- Ds Dirk Myburg is steeds in die hospitaal. Dink in gebed aan hom.
- Hansie van Heerden is nog in die hospitaal. Dra haar steeds aan die Here op.
- Dink in u gebede aan Chris Von Wielligh wat by sy dogter inwoon en versorging kry.
- Marie Du Toit is in 'n versorgingseenheid opgeneem waar sy en die mense rondom haar nog steeds goed op hul eie kan funksioneer.
- Die inwoners van Rusoord het nog steeds ons voorbidding nodig. Alhoewel ons op Vlak 1 is sal hulle van die laastes wees wie se deure gaan oopmaak.
- Chris Schwartz is ontslaan uit die hospitaal en dit gaan goed met hom. Ons is baie dankbaar daarvoor.



Die Aankondiger 27 September 2020

Prediker: Ds Gideon Du Toit
Skriflesing: Romeine 3
Tema: *Almal het gesondig, maar hulle word sonder dat hulle dit verdien*
Lied: 169 en 245



VERANDER JOU HOUDING!!

Efesiërs 4:23 NLV

Ons kan baie oor die belangrikheid van 'n goeie houding leer deur na die kinders van Israel te kyk. Daar word geskat dat 1.5 miljoen Israeliete uit Egipte weggetrek het. God het hulle uit slawerny gered en hulle na die Beloofde Land toe gelei. Die reis moes omtrent elf dae geneem het, maar dit het toe veertig jaar geneem. Hoekom? Omdat hulle konstant oor alles gekla het! Hulle het gekla oor die kos wat God daagliks vir hulle uit die hemel gestuur het. Elke keer wat iets moeiliks oor hulle pad gekom het, was hulle gereed om tou op te gooi en terug te gaan Egipte toe - terug na slawerny toe. Wat verstommend is, is dat slegs twee mense uit die oorspronklike groep van 1.5 miljoen mense wat Egipte verlaat het, die Beloofde Land binnegegaan het. Vandag is daar ook baie Christene wat uit 'Egipte' (hulle vorige lewe as slawe van die sonde), ontsnap het, gelowiges wat altyd na die Beloofde Land uitsien, maar steeds hulle hele lewe lank in die woestyn rondwaal terwyl hulle dieselfde probleme en kwessies hanteer. Is jy een van hulle? Voel jy of jy te lank al in die bergwêreld rondtrek? (Sien Deuteronomium 2:3) As dit die geval is, is hierdie jou antwoord: 'naamlik dat julle, wat julle vroeëre leefstyl betref, die ou, sondige mens soos vuil klere moet uittrek. Bedrieglike begeertes laat hierdie mens te gronde gaan. Julle moet op 'n nuwe, geestelike manier leer dink. Ja, trek die nuwe mens soos skoon klere aan, die mens wat na God se beeld geskape is: iemand wat werklik reg lewe voor God en werklik aan Hom toegewy is' (Efesiërs 4:22-24 NLV). Met ander woorde - verander jou houding!

Ek leer by my skaaphond – 8

Verlede keer:

Lassy se toewyding aan Philip is haar grootste bate, maar die treiterende kraaie en die vlieënde voorballe was groot versoekings. Wanneer sy agter die kraaie en die vuurvonke aan hardloop, was Philip genoodsaak om haar te dissipliner. Die aktiwiteite het haar uitgeput en was 'n nuttelose "gejaag na wind" en hy kon dit nie toelaat nie.

Daar is geen twyfel dat die verhouding tussen Philip en Lassy een van wederkerige liefde en toewyding was nie. Dit was meer as 'n man-hond, of 'n herder-skaaphond verhouding. Hulle was spesiale vriende. Hy het hom vir haar gegee en sy het daarop gereageer deur haar onvoorwaardelik en oorvoedige entoesiasme en spontane samewerking.

Haar skerp begrip, sterk instink, intelligensie en spesiale vermoë om te fokus en begryp wat sy moes doen, het van haar 'n werkwaardige medewerker en vennoot gemaak.

Maar, soos dit in die lewe en met verhoudings gaan, was daar die onvermydelike "kraaie- en die vuurbal-geleenthede" wat optrede vereis het. Philip was net te lief vir Lassy om haar toe te laat om in haar ou gewoontes terug te val, of om haar energie te mors op nuttelose aktiwiteite. Daarvoor was sy te kosbaar, en bestem vir baie groter dinge. Dus moes hy optree. Hy kon eenvoudig nie net wegkyk en maak asof niks gebeur het nie. Ware liefde vereis dissipline maar dit was nie vir hom maklik om haar sy beste vriend, tot orde te roep nie.

Wanneer hy haar met sy woorde, stemtoon en liggaamstaal streng aanspreek, was vir albei ewe pynlik. Wanneer dit gebeur het, het sy nader gekruip, stert tussen die bene, ore plategetrek – daar was skielik afstand tussen hulle. Sy het duidelik geweet hy is ontevrede en dat sy het hom teleurgestel het.

Hy het nie die soort konfrontasie uitgereg nie. So gou sy wys dat sy 'n fout gemaak het, het hy weer sag en gerusstellend met haar gepraat, en verseker "Las, dis weer reg". Dan het hy haar in sy arms geneem en haar bors en kop gevryf. Sy het sy wang of hande gelek en haar stert begin swaai, afgespring en vreugde-sirkels gehardloop. Dis haar manier om dit uit te roep, "ons verhouding is herstel!"

Dissipline is nodig vir totale en onvoorwaardelike herstel van 'n gebroke verhouding met ons Vader. Hoe ons optree wanneer ons gedissiplineer word, is baie belangrik vir die herstel van ons verhouding met ons Herder en met mekaar. Wanneer ons opreg berou het, word vergiffenis gegee en ontvang.

Wanneer ons egter verskonings vir ons oortreding aanbied, ander blameer, ons met ander se oortredings vergelyk, is dit soos om 'n halfgaar en ongesoute dis te eet – dis onoortuigend en onaangenaam en stil nie regtig die honger nie.

"God disciplines because He cares, because He loves, because He heals."



Baie geluk aan almal wat verjaar :

27 September - 3 Oktober

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Coetzee	Meliza	09/27		827612341
Vosloo	Yolande	09/28	126 671 587	826775845
Erasmus	Petrus	09/29	126 644 449	825739273
Joubert	Andre	09/29		813453095
Minnie	Fransien	09/29		
Van Niekerk	Rozet	09/29	126 642 669	729935576
Jacobs	Stefanus	10/01		834473259
Van Huyssteen	Ellie	10/02		
Warricker	Thys	10/02		825245398

